

**6 Desember**

**Psalm 91:1-7**

**(Teks: 91:2) SkuilbyGod**

Vir sommige mense is dit asof die lewe net vol slaggate is. Psalm 91:3 vergelyk hierdie probleme op die gelowige se lewenspad met die net van die voëlvanger, van die verderflike pes. Ook ander gevare word in hierdie Psalm genoem wat 'n mens se lewe kan bedreig: gevaar, aan-valle, siekte (verse 5-7). Dit is nette waardeur jy vasgevang word, soos wat 'n voëlvanger skielik op 'n voel toeslaan om hom te vang.

Hoe moet jy hierdie "nette" hanteer? Vers 1 sê: Jy moet by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet. Maar hoe skuil 'n mens by God?

Psalm 91 vergelyk dit met iemand wat in 'n grot vir die vyand wegkruip. Hierdie "wegkruip" by God doen jy deur te bely: Here, U is my toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou (vers 2). Sodra jy dit vir die Here sê, groei die wete dat jy naby aan Hom is (Psalm 73:28).

Hierdie naby-voel aan God is baie belangrik. Jy kry die sekerheid dat niks jou van die liefde van God skei nie (Rom 8:39), juis omdat Jesus vir jou sondes gesterf het. Deur sy bloed trek God jou eintlik nadei na Hom toe. Al wat jy moet doen is: Erken dat jy naby aan Hom is; dat Hy jou beskerm.

Sing Psalm 91:2

Dr. A.G.S. Venter (Randburg-Oos)